Ons is nou hier

’n Nuwe era van gestuur-wees
Patrick Keifert

Prys:
R79.95

Ons is baie dankbaar en bly oor hierdie Afrikaanse uitgawe van *We are here now!* van Pat Keifert. Hierdie boek is in vele opsigte uniek. In die eerste plek omdat dit werklik nuwe terrein ontgin as dit kom by ’n visie vir gemeentes.

By die lees en herlees hiervan, het ek telkens bewus geword van nuwe horisonne wat vir my oopgebreek word. Telkens het ek die ervaring gehad dat ek my op ’n nuwe balkon bevind, wat vir my nuwe perspektief gee op gemeentes en hulle uitdagings vandag. Die missionale of gestuurde visie wat ten grondslag van hierdie boek lê, is aansteeklik. En as jy eers daaraan begin kou, is dit moeilik om op te hou. Op ’n manier is dit asof dié boek ’n sirkel voltooi deurdat David Bosch se teologie, wat so invloedryk was in die skepping van die gestuurde visie op die kerk, nou weer vanuit Amerika na Suid-Afrika toe terugkom! Dit moes lankal gebeur het.

Hierdie boek is in die tweede plek uniek omdat dit nie net nog ’n boek is met slegte nuus oor die afsterwe van die kerk nie – daarvan het ons nou genoeg gehad – maar ’n boek vol visie oor die hergeboorte van ’n kerk en gemeentes, wat nie primêr fokus op hulle instandhouding nie, maar op die getroue uitleef van hulle gestuurde roeping. Elke enkele stukkie teorie en elke konsep in hierdie boek is in die praktyk getoets, weer bedink en geherformuleer. Daarby is dit ’n inleiding tot ’n reis van geloofsonderskeiding waarby gemeentes betrokke kan raak – die Vennootskap van Gestuurde Gemeentes. Ons hoop die lees van hierdie boek sal baie meer gemeentes inspireer om by die Vennootskap in Suider-Afrika in te skakel!

Die derde unieke kenmerk van hierdie boek is dat dit in Amerika geskryf is, maar dat ons hier in Suid-Afrika baie gou kan opmerk watter groot rol Pat se ervarings in Suider-Afrika het in die verfyning van sy teorieë. In die afgelope vier jaar is ons in die Suider-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes besig om saam met Pat en Church Innovations (CII) die teorieë en konsepte te verfyn en inheems te maak. Dit is veral die eerste-generasie-gemeentes van die Vennootskap in Suider-Afrika wat dit gewaag het om saam met ons te begin met die reis na gestuurdheid wat help skryf het aan hierdie boek.

Die boek is in die vierde plek natuurlik uniek omdat dit die missionale visie op die kerk vir die eerste keer omvattend in Afrikaans verwoord. Ons moes letterlik in die vertalingsproses konsepte skep hiervoor. *Missional* word byvoorbeeld met *gestuurdheid* vertaal, *adaptive change* met *aanpassende verandering*, ensovoorts. Ons het probeer om baie noukeurig hiermee te werk deur eers die konsepte in die praktyk van gemeentes te toets. Hieragter sit ook ons geloof dat die Afrikaanse taal ’n waardige draer sal wees om die gestuurde visie in Afrika te laat tuis kom.

Getrou aan die gestuurde visie op gemeentewees, begin hierdie boek nie by die kerk en wat die kerk behoort te wees nie, maar by God, en by die vraag waarmee die drie-enige God in ons konteks besig is, en daarna hoe ons as gemeentes daarvan deel kan word. Die boek daag ons uit om geloofsonderskeidend oor ons gemeentes te begin dink, en God te vertrou vir die gawes en die bronne om die gemeente te word waartoe Hy ons roep.

Ek wil graag vir Bybel-Media bedank vir die manier waarop hulle geld en energie bestee het om hierdie vertaling moontlik te maak. Dit is wonderlik dat Bybel-Media weer ’n volwaardige vennoot van gemeentes in Suider-Afrika is.

Dr Frederick Marais
(Projekleier: SAVGG)

Direkte bestellings: **bestel@bmedia.co.za**
Deeloproepe: **0860 231 231**
0860 26 33 42 of 0860 BMEDIA

BM BYBEL-MEDIA
Vennoot in geloof en bediening

E-aankope:
www.bybelmedia.co.za